




# Conquesta 2014

(Internasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades – Gev. 1998)

Conquesta, Posbus 99, Kloof, 3640, Suid-Afrika

Tel: (031) 764-1972 \* Faks: (086) 637-7808 of (031) 764-0074


E-Pos adres: conquest@iafrica.com \* Webtuiste: [www.conquestaolympiads.com](http://www.conquestaolympiads.com)



## Skeppende Kunste (Lewensvaardighede 2) – Graad 6

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood deur **SLEGS 'n swart of blou balpunt- of swart kokipen** te gebruik. (Gebruik asseblief nie potlode, kleurpotlode, glimpenne, tippex of gom nie.) Byvoorbeeld, as die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood. (Sien voorbeeld 1 hieronder.) Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word (Sien voorbeeld 2 hieronder.)

Voorbeeld 1:-



Voorbeeld 2:-



### Die haas en die skilpad

**Verteller:** Hoog in die berge van 'n sonnige land het 'n groot bruin haas gewoon. Hy het sy tuiste tussen die veldblomme gemaak. Nie ver van hom nie, het 'n skilpad gewoon. Die skilpad het tussen die klippe langs 'n helder stroompie gewoon. Hy was 'n eienaardige outjie. Dan en wan sou hy sy kop uitsteek en stadig in die water instap en dan weer uit.

Eendag, toe hy weer sy kop uitsteek, sien hy die blink ogies van die haas wat hom stip dophou. Die haas het 'n breë glimlag gehad en sy snorre het getril.

**Skilpad:** Hoekom vind jy my amusant?

**Haas:** Jy is so 'n vreemde dier. Jou lyf lyk soos 'n onderstebo skottel en jou kop is plat. Kyk jou plat voete. Hahaha. Jy het ook nie bene nie!

**Verteller:** Die skilpad het gesukkel om sy bene op te lig om te bewys dat dit nie waar is nie. Hy het gesukkel en gesukkel. Uiteindelik sê hy:

**Skilpad:** Ek sal met jou resies hardloop sodat jy kan sien dat ek bene het.

**Haas:** Hahaha. 'n Resies met – jou! Jy is werklik amusant. Waarheen sal ons hardloop?

**Skilpad:** Mnr. Jakkals is daar naby die haasgate. Hy kan die doelpaal kies en die baan karteer.

**Verteller:** Mnr. Jakkals het ingestem.

**Mnr. Jakkals:** Aha! Wat is die prys?

**Skilpad:** Daar is geen prys nie. Ons hardloop vir eer.

**Mnr. Jakkals:** (teleurgesteld) O! Wat moet ons dan doen?

**Verteller:** Hulle het die plan bespreek. Hulle het ooreengekom dat dit 'n lang en moeilike roete tot in die stad sou wees. Die wedloop het begin. Haas het vinnig in die rigting van die stad gespring. Skilpad het stadig in dieselfde rigting begin beweeg. Haas het gedink hy het die voordeel en het gaan lê om te rus.

**Haas:** Ek kan die res van die dag hier deurbring. Skilpad sal my nooit vang nie! Wanneer dit koel is, sal ek hardloop en Skilpad verbystek.

**Verteller:** Skilpad het aangesukkel en nie een keer gestop om te rus nie. Teen die tyd wat hy die stad bereik het, het die maan soos 'n kristalbal in die naghemel gehang. Haas het nog geslaap. Hy het wakker geskrik. [Vyf dansers (feetjies) kom binne en hardloop en spring om die haas om hom wakker te maak.]

**Haas:** Sidder my snorre! Ek het verslaap!

**Verteller:** Die haas het opgespring en die skilpad agternagesit. Hy het Skilpad gevind waar hy by die doelpaal ontspan met 'n groot grinnik op sy gesig.




1. Hierdie is 'n fabel. Fabels is bedoel om ons lesse te leer. Oor watter eienskappe beskik fabels wat hulle anders maak as ander tipes stories?

- (a) Mitiese karakters wat omring is deur toorkragte.
- (b) Diere wat praat en menslike eienskappe aanneem.
- (c) Helde en bonatuurlike karakters.
- (d) Akteurs en 'n groot rolverdeling.

2. Watter fisiese eienskap van skilpad leer ons van aan die begin van die toneelstuk?

- (a) Hy is goedhartig.
- (b) Hy is baie stadig.
- (c) Hy is 'n eienaardige outjie.
- (d) Hy woon tussen die veldblomme.



3. Hoe het Haas vir Skilpad ontstel?

- (a) Hy het hom stip aangestaar met blink ogies.
- (b) Hy het 'n breë glimlag gehad.
- (c) Hy het met Skilpad se plat kop gespot.
- (d) Hy het gesê skilpad het nie bene nie.

4. Kies die waarskynlikste reël waarmee die verteller die toneelstuk sou eindig.

- (a) Al doende leer mens.
- (b) So gewonne, so geronne.
- (c) Stadig maar seker word die wedloop gewen.
- (d) Sorg dat jy aan die wenkant bly.

5. Wat noem ons die les wat uit so 'n storie geleer word?

- (a) Sedeles
- (b) Waarde
- (c) Les
- (d) Handleiding

6. Watter woord beskryf die haas die beste?

- (a) Nederig
- (b) Beskeie
- (c) Gedwee
- (d) Verwaand

7. Watter woord beskryf die skilpad die beste?

- (a) Lafhartig
- (b) Swak
- (c) Vasberade
- (d) Braaf

